

Ds. A. W. C. Bester
Calvinia
8 Junie 1973

Onderwerp: Wat verhinder vernuwing?

Lees: Jesaja 53 verse 1 tot 12
Teks: Jesaja 50 vers 2; Jesaja 53 vers 1;
Hebreërs 3 vers 19
Sing: Gesang 75 vers 4
Gesang 80 verse 4 en 6

“Broers en Susters, dit is moontlik dat meer as een lidmaat aan die einde van ons Pinkster byeenkomste gekom het en selfs na baie jare van luister na die Prediking moet erken dat daar niks met hom of haar op geestelike gebied gebeur het nie. En dat hul nog in dieselfde geestelike groef vasgevang is en dieselfde onvrugbare doodsheid moet beklaag.

“Dit baat nie dat ons oor geloofsekerheid, vervulling met die Heilige Gees, heiligmaking en getuienis van Jesus Christus praat, as daar niks met ons persoonlik gebeur nie.

“Aan die een kant moet ons nie na ’n geestelike gebeurtenis verlang wat met geloofsvertroue en oorgawe weinig of niks te make het nie. Dit is ongelukkig so dat baie mense ’n blye gevoel as waarmerk vir ’n gesonde geestelike lewe beskou. Aan die anderkant moet ons, onself ook nie valslik gerusstel wanneer die onrus, kommer en ontevredenheid aan ons hart knaag nie.

“’n Valse gerustheid is een van die grootste hindernisse tot vernuwing. Dit is ’n dekmantel van die ongeloof en die Here is duidelik in sy oordeel oor die ongeloof. Mag God gee dat ons die ongeloof sal raaksien en dit bely.

“Ongeloof maak doof vir die roepstem van God:

“‘Waarom het Ek ... geroep en niemand (het) geantwoord nie?’ (Jes 50:2)

“Dit is die tragedie in menige lewe. Hy hoor en luister nie. Hy is horende doof.

“Dit mag wees dat die geheime sondaar die geestelike oor toestop.

“Soms is dit die betowerende lokstem van die wêreld wat ons doof maak vir God se roepstem.

“Ander is so vermoeid en belas met die sorg van die wêreld dat hulle nie tyd kan maak om oor die roepstem van die Evangelie te peins nie.

“En Broers en Susters, so word die mens aan verwildering uitgelewer.

“So word hulle dan ’n saailand by wie die dorings gesaai word: mense wat die Woord van God hoor, ‘maar die sorges van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar.’ (Matt 13:22)

“Wanneer ons egter tot die kern van die saak kom, is die grootste hindernis - die Ongeloof. Wanneer mense God bewustelik probeer vergeet, óf God deur nalatigheid of onverskilligheid buite rekening laat, grawe hulle, hulself dieper in die put van onvermoë om God se Woord reg te hoor en te gehoorsaam.

“Sommige het eenmaal God se Gees hoor roep, maar nie gelowig gereageer nie. En dit het, wat hul eie vermoë betref, onwaarskynliker geword dat hulle op die lange duur nog God se stem sal hoor.

“God se genadetyd gaan verby.

“Miskien is daar iemand wat in hierdie dae God se wekstem duideliker as ooit tevore gehoor het. Dit sal noodlottig wees indien só iemand in ongeloof sy hart toesluit. Ongeloof verontagsaam God se genadebeloftes:

“‘Is my hand werklik te kort om te verlos ...?’ (Jes 50:2)

“‘Wie het geglo wat aan ons verkondig is?’ (Jes 53:1)

“Dit is moontlik dat mense hul geestelike armoede besef, hul mislukkings betreur, berou het oor hulle sondes, sonder dat hulle uit hulle ellendige toestand verlos word. Dink maar aan Judas.

“Ware berou is ’n kennis van God en sy wet; maar ook ’n hartlike leedwese oor jou sondes en ’n terugkeer tot God in boetedoening, belydenis en bekering.

“Maar daar eindig dit nie, want wie hom tot God wend, wend hom tot die Genadige en die Almagtige wat wil en kan red en herstel.

“Wie hom nie gelowig tot God in sy vergewende liefde en vernuwende genade wend nie, glo nie werklik in die God van die Skrif nie. Die God wat sê: ‘Wend julle tot My en laat julle red ... Want Ek is God, en daar is geen ander nie.’ (Jes 45:22) ‘Want God het sy Seun in die wêreld gestuur, nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word.’ (Joh 3:17)

“Broers en Susters, die feit is, ons verlossing is reeds deur Jesus bewerk; die Heilige Gees is reeds uitgestort om Jesus Christus se heilsweldade aan ons tuis te bring. Maar ons ontbeer dit alles indien ons dit nie gelowig

wil toeëien en daaglik gelowig daaruit put nie. Die ongeloof van ons hart weerhou ons daarvan om God se beloftes en die lewe wat Hy daardeur belowe vir ons toe te eien.

“So baie maal is die reaksie van mense op die Evangelie. Ag, wat help dit. Ek het soveel maal al probeer en niks het gebeur nie. Ek het geglo en alles het maar dieselfde gebly.

“Hierop kan ons net sê: Nee! As u geglo het in God se vergewende genade, het daar iets gebeur en dan kan alles nie weer dieselfde wees nie.

“Wie God op sy Woord neem, het reeds verander en het die bande van ongeloof reeds verbreek. Hou aan om God se versekering aan u te herhaal en te glo. Dit is reeds die teken van vernuwing en dit is die metode waardeur die vernuwing voortgebring word.

“Ongeloof berowe ons van ons erfenis:

“‘En ons sien dat hulle deur ongeloof nie kon ingaan nie.’ (Heb 3:19)

“... hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel ...’ (Joh 3:18)

“Ongeloof hou die hart geslote vir God; en ongeloof hou die Hemel geslote, want God se oordele rus op die ongelowige.

“In watter woestyn verkeer sommige gelowiges nie as gevolg van die ongeloof in hulle harte nie. Hulle is nie verlore nie, maar verhonger. Dat die volheid van genade en oorvloed van seën in Jesus Christus toegesê is, is waar. Maar dit is net so waar dat ons deur ongeloof soos bedelaars lewe, in plaas dat ons ’n feesmaal in die Vaderhuis geniet.

“Broers en Susters, hang ons God met ons hele hart aan?

“Is die liefde van ons hart onverdeelde op Hom gerig?

“Is Jesus Christus vir ons kosbaar en lewe ons uit sy oorvloed en oorwinning?

“Is die Heilige Gees ons metgesel elke oomblik?

“Indien nie, is daar ongeloof wat uit ons hart geban moet word, sodat ons die volheid van God se aanbod van genade in Jesus Christus deelagtig kan word.

“As ek glo, beteken dit dat ek wanhoop aan myself. Dit is een ding om te glo dat daar ’n Saligmaker is. Dit is ’n ander ding om met jou sonde na die Saligmaker te kom.

“As ek glo beteken dit dat ek nie self vir my sonde hoef te boet nie, omdat ek weet dat Jesus daarvoor betaal het.

“As ek glo beteken dit dat ek vertrou dat as die dood eendag kom, ek veilig by Jesus sal wees en dat die dood my nie van sy liefde kan skei nie.

“Glo u dit?

“Broers en Susters, as daar in u hart maar net ’n roering is wat sê: ‘Ja my HERE, ek het nog nie tevore uit oortuiging bely dat ek U as my Verlosser en Saligmaker vertrou nie, maar nou vertrou ek U met my hele hart - dan het u die lewe in antwoord op die genade werking van God ontvang.

“Amen.”